MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 12/2025 **28 Augustus 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

I firmly believe that any man's finest hour, the greatest fulfillment of all that he holds dear, is that moment when he has worked his heart out in a good cause and lies exhausted on the field of battle – victorious.

Vince Lombardi

Ons eerste rugbyspan het Saterdag deur harde werk, durf en rotsvaste verdediging 'n welverdiende oorwinning in hul Noordvaaleindstryd behaal. Hulle moes 'n paar struikelblokke soos beserings, skeidsregters 😊, reis en sterk winde in die aanloop tot die sege trotseer. Nogmaals geluk aan mnre Verster, Van der Merwe en Olivier asook elke speler in die groep met hierdie skitter prestasie. 'n Verdere saluut aan elke leerder, ouer en onderwyser wat hulle so getrou ondersteun het deur die jaar. Die skare op ons tuisveld Saterdag verdien vir seker vermelding.

Midstream College kook voorwaar op kultuurgebied hierdie jaar. Die verskillende kultuurdissiplines gaan voorwaar van krag tot krag. 'n Groot dankwoord aan elke ouer, leerder en onderwysers vir ure se opoffering, ondersteuning en oefening vanaf Januarie op die kultuurakker. Drama@Midstream se toneelgroepe het hierdie maand reeds verskeie toekennings ontvang. Ons orkes, koor en revue het reeds menige gehoor bekoor. Ons revue het Maandag derde in die gevorderde afdeling van die hoogs aangeskrewe Kaleidoskoop-kompetisie geëindig 🎭. Ons ondersteunerskorps het amper die staatsteater se dak laat lig.

Ons matrieks het Maandag hulle laaste normale saal gehad waartydens die onderhoofleiers hulle afskeidstoesprake gelewer het. Ek wil hulle graag bedank vir hulle gevleuelde woorde. Dankie aan Renate en Louis, die prefekte asook die res van die Midstreamraad van 2025 vir julle voorbeeld en voorloop. Baie sterkte aan ons matrieks met die rekord- en eindeksamen wat voorlê – Carpe Diem! Mag die woorde van Eleanor Roosevelt op julle almal van toepassing wees op julle pad vorentoe:

The future belongs to those who believe in the beauty of their dreams.

Die koning is dood lank lewe die koning ... eweneens baie sterkte aan Lené Liebenberg en Paul Loubser met hul verkiesing tot hoofmeisie en hoofseun vir die nuwe termyn. Geluk ook aan die ander hoofleiers, prefekte en Midstreamraadslede. Julle het groot voetspore om te volg.

Daar blyk 'n mate van verwarring rondom die verkiesingsproses te wees. Ek wil dit onomwonde stel dat dit 'n uitsluitlik demokratiese proses is en leerders in hul onderskeie grade vir hul verteenwoordigers stem. Daarbenewens stem alle grade vir die prefekte.
Hierdie proses verseker dat elke leerder 'n stem het en dat die verkose leiers deur middel van 'n regverdige en deursigtige proses aangewys word.

Democracy is the government of the people, by the people, for the people.

Abraham Lincoln

NUWE SELFOON- EN ELEKTRONIESETOESTELBELEID

U word daaraan herinner dat dié beleid op die skool se webtuiste beskikbaar is.

AKADEMIE

Klik op die skakel vir akademiese inligting.

SPORT

Klik op die skakel vir sportuitslae.

KULTUUR

Klik op die skakel vir kultuuruitslae.